

# GOD STEL DIE VOORBEELD VIR OUERS

Lizel Ferreira wys ons op die volgende uit Psalm 19

- Die Woord van God:
  - Is volmaak
  - Gevolg: Gee lewe
- Die onderwysing van God:
  - Is betroubaar
  - Gevolg: Gee wysheid aan die onervare.
- Die bevel van God:
  - Dui die regte koers aan.
  - Gevolg: Bring blydschap.
- Die geboorte van God:
  - Is helder (staan uit).
  - Gevolg: Gee insig.
- Die eise van God vir diens aan Hom:
  - Is goed en staan vas.
  - Gevolg: Gee vastigheid.
- God se bepalings (besluite):
  - Is reg
  - Regverdig
  - Kosbaarder as goud
  - Soeter as heuning

**Ons lees hier hoe God, as ons Vader, ons lei.**

**Hoe vergelyk dit met jou ouerskap? Is jou ouerskap ook van so 'n aard dat dit wysheid, blydschap, insig en vastigheid vir jou kinders bied?**

**Indien nie, het jy vandag 'n wonderlike voorbeeld in Ps.19 oor hoe om dit vir jou kinders te verseker!**

**Mag ons as ouers dit nastreef en uitleef in die grootmaak van ons kinders.**

**Groete**

**1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig**

**Leon Tait**



## DIE HEILIGE GEES IS NIE SOOS ONS TROETELDIERTJIE NIE



*Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie (Romeine 8:9)*

Jou lewe is vir die Here so belangrik dat Hy in jou kom woon het deur die Heilige Gees. Jy hoef nie te wag of te soek na die Gees nie. Om die Gees te soek is om jou bril te soek as jy reeds een dra.

Die Heilige Gees word die *Gees van Christus* genoem met goeie rede. Deur die Gees sit Christus Sy lewe in en deur ons elke dag, voort.

Die Heilige Gees kan nie soos 'n troeteldiertjie in 'n klein kamertjie in die huis aangehou word om uitgelaat te word wanneer ons wil nie. Die lewende teenwoordigheid van die Here Jesus Christus wil alles deurtrek wat ons doen.

Of ons tuis is of op pad is of by die werk of by ons vriende of by die kerk, oral wil Christus Sy lewe deur ons leef. Hy kan nie vasgekeer word in die "kamertjie" van ons Sondaglewe nie.

Die beste nuus is dat dit uitstekende gevolge het wanneer Hy ons denke, ons dade en hele lewe deurtrek. Hoor wat gebeur: *Maar mense wat aan die Heilige Gees gehoorsaam is, se lewe is vol vrede (Rom 8:6 Boodschap).*

Waar die Gees gehoorsaam word is vrede! Geen wonder dat vrede ook die vrug van die Gees genoem word nie. Baie mense gaan soek vrede iewers elders bv nog ;n wegbreek of by een of ander persoon of een of ander nuwe iets of bloot net deur te onttrek. Vrede is die Heilige Gees in jou, se spesialiteit. Luister wat Hy wil, doen dit en jy sal vars Heilige Gees-vrede ervaar.

Vredevolle Pinkster!

ds Leon van Heerden

# !! ONTHOU DATUMS !!

- ♦ **1 Mei:** Vakansiedag
- ♦ **9 Mei:** Hemelvaartdag
- ♦ **19 Mei:** Pinksterfees en Nagmaal @ 9:00
- ♦ **26 Mei:** Doop

Sien jou daar!

## Kort boodskap vir al ons Mamma's

Dankie vir die onvoorwaardelike liefde van 'n Moeder.  
Daar is twee wonderlike dinge wat jy as Moeder jou kinders kan gee:  
Die een is sterk wortels,  
Die ander sterk vierke



**Gelukkige Moedersdag**

12 Mei



**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

**ERTWURMS** - Kry 100 wurms vir R105. Grootste wurm is 18cm. Kontak Heinrich by 072 159 1843

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!

Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

## Die Gemeente wat vir almal omgee!



**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!** Jy sal nie spyt wees nie.

### VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

## Groeipyne of RSG

Vir insiggewende praatjies oor ouerskap, luister gerus op Donderdae net na elfuur soggens op RSG. Aanbieder is Johan van Lill.

Onderwerpe soos,

Kry jou kind aan die lees met Strokiesverhaalboeke, Spesiale skole, Verantwoordelikheid, Leer jou kind om te dink en Pa-wees in die moderne samelewing word bespreek.

Besoek gerus webwerf [www.groeipyne.co.za](http://www.groeipyne.co.za) vir meer inligting.



### **Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"**

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

## PINKSTER 2013

### HOE OM VOLGENS GOD SE WOORD TE LEWE

SONDAG 12 Mei om 9:00: Hoe om doeltreffend te bid (deel 1)

SONDAG 12 Mei om 18:00: Hoe om doeltreffend te bid (deel 2)

MAANDAG 13 Mei om 18:30: Hoe om van jou skuld las ontslae te raak

DINSDAG 14 Mei om 18:30: Hoe om geestelik te groei

WOENSDAG 15 Mei om 18:30: Hoe om lyding te verwerk

DONDERDAG 16 Mei om 18:30: Hoe om jou geloof te vertsterk



dr Arnold Mol



Neem asb. kennis van die volgende regstelling:

Jan en Marian se van was verkeerd aangedui in die Maart uitgawe.

Jan & Marian v Rheede van Oudtshoorn

# Taakspan vir Gesinne

Die taakspan bestaan uit gemeentelede wat 'n passie het vir gesinsbediening en funksioneer onder Voorsitterskap van Basson Geldenhuys en mentorskap van Ds Leon van Heerden.

Die primêre doelwit van die taakspan is om verhoudings binne gesinne, tussen gesinne en dan die belangrikste, die verhouding met God te bevorder.

Dit word vermag deur verskeie aktiwiteite en aanbiedinge vir gemeentelede en ander belangstellendes te organiseer. Die taakspan poog om, by wyse van aanbiedinge, gassprekers, byeenkomste en ook soms tasbare wyse, die gemeente te ondersteun ten einde die verhoudings op te bou en in stand hou!

- Gesinne in harmonie/Ouerskap en die Huweliksaanbieding fokus meereendeels op die volwasse komponent van gesinne waar tydens ouers en paartjies toegerus word vir die dag-tot-dag uitdagings van ons samelewing. Bekende sprekers word genooi om belangstellendes te kom toespreek en beoedig.
- Gemeentekamp – dit is die jaarlikse naweek-uitstappie na 'n kampterrein waar almal in eenhede bly of met hul eie woonwaens/tente kampeer. Die naweek se doen-en-late fokus op alle ouderdomme en word gekenmerk deur loutere ontspanning, beide fisies en geestelik met heerlike saamkuier om 'n kampvuur. Na die kamp is dit 'n groep geïnspireerde Christene wat weer die gejaagde stadslewe aanvat.
- Gemeentefees – dit is vir die eerste keer in 2013 aangebied op die kerkterrein. Daar is gekampeer, speletjies gespeel, konsert gehou en tot laatnag gekuier deur oud en jonk. Die potjiekos en Christelike filmvertoning was baie populêr en die naweek is op 'n hoogtepunt afgesluit toe die alombekende Jan de Wet die erediens behartig het, soos net hy kan!
- Die Lydenstyd bewusmaking is ondersteun deur die verkoop van kruisies en weeklikse insetsels in die kerkblaadjie. Sodoende kan almal op hul eie manier deel in hierdie belangrike gebeurtenis.
- Moedersdag en Vadersdag word vir elke Ma en Pa spesiaal gemaak deur 'n klein maar gepaste geskenk wat uitgedeel word.

Die taakspan doen hul beplanning op 'n baie opgewekte manier omdat ons glo dat deur ons positiewe insette word daar gebou aan verhoudings en ondersteun ons lidmate om God se wil na te streef!!

Indien u sou wou betrokke raak in hierdie wenspan, skakel gerus vir Basson by 071 648 8656

# TH Theuns Hurter

## Prokureurs, Notarisse en Boedelberedderaars

Ons lewer die volgende professionele dienste:

- ◆ **Opstel/Registrasies van Huweliksvoorwaardekontrakte**
- ◆ **Koop en Verkoop van Eiendomme**
- ◆ **Beredding van Bestorwe Boedels (Ons is ook bereid om boedels af te handel waarmee u al vir maande sukkel)**
- ◆ **Bestrede en Onbestrede Egskeidings**
- ◆ **Strafregtelike aangeleenthede**
- ◆ **Algemene Kontraktereg**

Vir professionele en bekostigbare diens kontak my gerus by:

**Tel: + 27 12 342 0006 • Sel: 083 539 3481**

**E-pos: [theuns@hurterlaw.com](mailto:theuns@hurterlaw.com) • Faks: 086 608 1900**

(Indien u so verkies, kan konsultasies ook gereël word by u woning of besigheid)

## c'narru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- **Gratis waardasies**
- **Bemark om te verkoop**
- **Kwalifisering van nuwe kopers**
- **Lening aansoeke**
- **Advies om eiendom se waarde te verhoog**
- **Boedelwaardasies**



**Naomi**

**082-804-1200 012-331-0015**

## DIE LEWE IS NIE REGVERDIG NIE

Hoe duidelik weet ons dit nie. Die lewe is inderdaad nie regverdig nie. Baie van ons het dit al intens beleef.

So was dit ook met Armando Galarraga. Hy sou die 21ste gooier in 135 jaar wees het wat dit kon regkry om as gooier die perfekte wedstryd in bofbal te speel. Op 2 Junie 2010 het hy dit reggekry vir die Detroit Tigers. Maar die skeidsregter het 'n fout begaan en hom dit ontnem. 'n Video het getoon dat Armando dit wel gedoen het! Die skeidsregter het om verskoning gevra, maar hy kon nie die erkenning kry nie, want die beslissing op die veld kon nie verander word nie.

Ten spyte van dit alles het Armando kalm gebly. Hy het met die skeidsregter gesimpatiseer, en hom nie gekritiseer nie. Hy het met grasia en integriteit opgetree. Toeskouers, sportskrywers en spelers was verbaas en uit die veld geslaan dat hy so optree.

Ons loop ook deur geleenthede waar ons nie regverdig hanteer word nie. Soms deur nalatigheid, soms deur misverstand, soms doodgewoon deur iemand wat 'n menslike fout maak. Hoe tree ons op? Soos die meeste toeskouers, spelers en sportskrywers wat histories gereageer het. Of soos Armando self wat met grasia en integriteit opgetree het? Dit help nie om soos 'n kleuter op die grond te val en skop nie, of orals te loop en vertel hoe onregverdig die lewe teenoor jou is nie. Jy bly net kwaad en gefrustreerd. Die lewe is nie regverdig nie!

Spreek 1:2,3 roep ons wel op om "wysheid te leer...en 'n sin vir regverdigheid, reg en billikheid."

Oswald Chambers het ook in die verband gesê: "Moet nooit ten alle koste op regverdigheid aandring nie, maar betoon jý dit, en moenie toelaat dat enige iets jou verhouding met mense in Christus vertroebel nie."

Wie is ooit meer onregverdig behandel as die Here Jesus self?! Wanneer jy onregverdig behandel word, onthou dan Filippense 2:5: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees as wat daar ook in Christus Jesus was..." Tree op met Christelike integriteit en liefde, soos Jesus!

(Geskrif deur Ernst)

### IN GESPREK MET JESUS

Here, gee my asseblief 'n oorfloed van vriendelikheid en kalmte en nugterheid wanneer ek te staan kom voor die onregverdigheid van die lewe. Amen.